

*Steek èrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.*

Tema: Blydschap en blymoedigheid

Skriflesing: Filippense 4:1-9

### Broodjies vir die pad

“Coincidences are God's way of getting our attention.”  
— Frederick Buechner

“Joy is the infallible sign of the presence of God.”  
— Pierre Teilhard de Chardin

“Some of you say, “Joy is greater than sorrow,” and others say, “Nay, sorrow is the greater.”  
But I say unto you, they are inseparable.  
Together they come, and when one sits alone with you at your board, remember that the other is asleep upon your bed.”  
— Kahlil Gibran, The Prophet

“When you remember me, it means you have carried something of who I am with you, that I have left some mark of who I am on who you are. It means that you can summon me back to your mind even though countless years and miles may stand between us. It means that if we meet again, you will know me. It means that even after I die, you can still see my face and hear my voice and speak to me in your heart.”  
— Frederick Buechner

“I am one of the searchers. There are, I believe, millions of us. We are not unhappy, but neither are we really content. We continue to explore life, hoping to uncover its ultimate secret. We continue to explore ourselves, hoping to understand. We like to walk along the beach, we are drawn by the ocean, taken by its power, its unceasing motion, its mystery and unspeakable beauty. We like forests and mountains, deserts and hidden rivers, and the lonely cities as well. Our sadness is as much a part of our lives as is our laughter. To share our sadness with one we love is perhaps as great a joy as we can know - unless it be to share our laughter.

We searchers are ambitious only for life itself, for everything beautiful it can provide. Most of all we love and want to be loved. We want to live in a relationship that will not impede our wandering, nor prevent our search, nor lock us in prison walls; that will take us for what little we have to give. We do not want to prove ourselves to another or compete for love.

For wanderers, dreamers, and lovers, for lonely men and women who dare to ask of life everything good and beautiful. It is for those who are too gentle to live among wolves.”

— James Kavanaugh, There Are Men Too Gentle to Live Among Wolves

### Kapenaars dalk te ongeërg oor magiese berg

Wilhelm Jordaan

Miskien skrik Kapenaars 'n bietjie wakker nadat Tafelberg Dinsdagaand 'n uur lank in 'n goue gloed gebaai was ter gedagtenis aan kinders wat teen kanker geveg en dit oorleef het.

Die “wakker skrik” het egter met meer te doen as bewustheid van kanker by kinders.

As kuiergas in Kaapstad (of is dit nou Slaapstad!) is ek ietwat verbaas dat sommige Kapenaars so ongeërg oor hul berg is – so of dit maar net 'n gegewe is wat op verskillende maniere geniet kan word deur stappers, drawwers, fietsers, klimmers, kabelkarryers en toeriste; 'n “attractie” wat aansien aan die Moederstad verleen.

Verby dié genietinge reken ek Kapenaars praat en dink dalk te min oor dié rotskolos, wat met sy een voet in die see staan en soos 'n mistieke beskermheer die Kaapse skiereiland en sy mense omvou.

Daarmee bedoel ek nie hulle moet bergaanbidders word of animisties reken 'n berg is 'n kosmiese sentrum wat hemel en aarde verbind en orde aan die heelal gee nie. Hulle moet net meer bergtaal praat en, byna Bybels, hul oë meermale na die berg opslaan en stip kyk om die vastigheid, die ewigheid, die vrygewigheid, die stilte en die skoonheid daarvan in te neem.

Wie só oor 'n plek soos Tafelberg dink, ontvang die mistiek van 'n plekbewussyn en word ingelyf by 'n plek waarvan jy kan sê: “Dit is myne.”

Ten minste sommige Kapenaars verstaan iets daarvan, veral dié wat kan onthou hoe nagenoeg 60 000 mense uit die ou Distrik Ses deur die destydse apartheidstaat se swaardmag en met die geweld van stootskrapers verwyder is, en waarheen sommige tans aan't terugkeer is.

'n Oudinwoner van Distrik Ses het dit só gesê: “Ek is al jare uit die Die Ses, maar my hele hart het agtergebly. Toe ek terugkom was dit soos 'n *reunion*. Ek is weer op my plek.”

Só raak ek en plek in mekaar gerank. Ná die digter D.J. Opperman se lang siekte het hy dit opnuut aangevoel; dat hy met die aarde verweef is en in die herfs die eerste snoek in hom voel loop. En as die Eersterivier op Stellenbosch vol raak in die winter en harder en harder raas, word die klippe in hom ook ronder gerol. Dit is die “grondstowwe” van sy plek wat hom weer heel maak.

Sulke vereenselwiging maak van elke mens 'n plekdigter; een wat kan uitroep soos die terugkerende mense van Distrik Ses: “Ons het die see en die berg teruggekry. Want die berg is ons gebeente en die see is ons bloed.”

Met dít in gedagte moet alle Kapenaars nog meer op húl berg en see toegespits wees; en die “grondstowwe” van gebeente en bloed goed begryp: “Kyk op. Kyk lank.

“Dit is ons berg, ons bewaker – 'n altaar waarop ons brood breek en wyn skink in 'n soort nagmaal vir almal wat sorgsaam daaromheen versamel.”

\* Jordaan is 'n buitengewone professor in sielkunde aan die Universiteit van Pretoria.

“Music... will help dissolve your perplexities and purify your character and sensibilities, and in time of care and sorrow, will keep a fountain of joy alive in you.”

— Dietrich Bonhoeffer

“Joy does not simply happen to us. We have to choose joy and keep choosing it every day.”

— Henri J.M. Nouwen

“Some of us try desperately to hold on to ourselves, to live for ourselves. We look so bedraggled and pathetic doing it, hanging on to the dead branch of a bank account for dear life, afraid to risk ourselves on the untried wings of giving. We don’t think we can live generously because we have never tried. But the sooner we start the better, for we are going to have to give up our lives finally, and the longer we wait the less time we have for the soaring and swooping life of grace.”

— Eugene H. Peterson, *Run with the Horses: The Quest for Life at Its Best*

“What is life if not laughter and love, caring and compassion, fresh bread and crisp radishes?”

— James Kavanaugh

## Brood vir die pad

### Kantaantekeninge by Sondag se gesprek

*Pieter van der Westhuizen*

Die eerste kantaantekening is by die voorsetsel saam met “graveer”. Onthou jy daardie beeldmateriaal van die graveerder wat ons land se naam op die Rugbywêreldbeker begin graveer minute voor die wedstryd finaal verby was? Jy kon duidelik sien hoe hy met sy skerp instrument in die metaal in sny. As ’n mens aan hierdie beeld dink, wil jy spontaan sê “graveer in”. Maar tog doen ons dit nie gewoonlik nie. Afhangend daarvan of die oppervlak waarop ons die letters insny horisontaal of vertikaal is, sê ons “teen” of “op”. Ek graveer dus “teen” ’n muur of rotswand, maar “op” ’n tafel soos Moses se kliptafels (tablette).

Die tweede kantaantekening het te doen met wat ons onder ’n “teks” verstaan. Laat my die punt in eenvoudige taal illustreer. In 1964 het ek as eerstejaarstudent in Afrikaans-Nederlands Etienne le Roux se “Sewe Dae by die Silbersteins” gekoop, gelees en daarvoor eksamen geskryf. Dieselfde gedrukte, gebonde boek staan nog steeds op my boekrak en onlangs lees ek dit toe weer. By die herlees na al die jare was dit vir my ’n totaal ander boek. Dit het my weer ’n belangrike feit laat onthou wat ek met my leesonderig van jong kinders altyd in ag moes neem: ’n leser haal uit ’n stuk geskrewe taal uit net dit wat hy/sy na die geskrewe stuk toe neem. Dit is hoekom jy by leesonderig altyd voorbereidende werk doen voordat jy die leerders die geskrewe leesstuk laat lees. In die sewentiger jare was daar ’n hele letterkundige beweging, die resepsieteorie, wat hom met hierdie feite bemoei het.

Dit kom daarop neer dat die boek op my boekrak eintlik net ’n samestelling van grafiese simbole, spasies en leestekens is

wat herskep word elke keer as ’n individuele leser dit lees of herlees. Die leser visualiseer plekke, mense, gebeure self. Die betrokke gedrukte eksemplaar van die boek in jou hand is soos ’n stuk bladmusiek, wat nie die self die musiek is nie, maar eers tydens ’n uitvoering in die lewe geroep word – telkens met die vertolker(s) se eie “handtekening(e)” daarop.

Dus is die woorde op Moses se tablette nie die “Wet van God” nie maar grafiese simbole gebaseer op die klanke van die destydse taal. Dit is net indirekte sigbare simbole van ’n stel saamgevoegde akoestiese simbole (woorde) wat uitdrukking gee aan ’n stel gedagtepatrone van God wat op dié manier aan die volk bekend gemaak word. Dit word eers die Wet van God as iemand die simbole sien en herken en kan terug herlei na woorde en dit interpreteer. Wat op die kliptafels gegraveer staan is net die koppelvlak (“interface”) tussen God se bedoeling en die verstaan daarvan, en gevolglike gehoorsaamheid daaraan, of nie, deur die volk.

My vertolking van Van Wyk Louw se “Beiteltjie” was nog altyd dat dit gaan oor die gevolg van die klein daad/gebeurtenis, idee waarvan die nagevolge soos golwe uitkring en uiteindelik self ’n weerklank kan vind in die ewigheid. Gister kom Mieke met ’n ander vertolking, naamlik die oopmaak nuwe moontlikhede/’n nuwe begin. Dieselfde gedig. Twee interpretasies. Die een gegrond op wat ek by die lees daarvan saamgeneem het na die gedig. Die ander weer gegrond op dit wat Mieke by die lees daarvan saamgeneem het na die gedig. Beide, na my beskeie mening, geldig.

Die derde kantaantekening gaan oor taal wat konstant aan die verander is. In die dertiger jare van die vorige eeu het die bekende taalkundige, Edward Sapir in sy boek, *Language*, hierdie verskynsel probeer verklaar en dit onder meer “Drift” genoem. Uitspraakveranderinge het hy beweer vind plaas as klein verskuiwings op ’n slag wat oor ’n lang tydperk ’n dramatiese kumulatiewe effek kan hê. Dit gebeur volgens hom onder andere as gevolg van nie-perfekte taaloordrag van een geslag na ’n ander. Natuurlik ook as gevolg van invloede van verhuising, beïnvloeding deur ander tale, ens.

Priesters en bewaarders van die sogenaamde “heilige geskrifte” van die verskillende godsdienste was baie bewus daarvan dat dit wat in ’n stadium deur ’n god of ’n profeet of heilige aan hulle gegee is, later nie meer verstaan kon word nie. Veral die uitspraak van gebede, ens. was vir hulle baie belangrik en moes onveranderd bewaar bly (as’t ware “in klip gegraveer”). Dit het onder andere daartoe gelei dat ’n ou met die naam, Panini, destyds ’n Sanskritgrammatika geskryf het wat sy tyd ’n millennium of twee vooruit was.

Dus, “in/op/teen klip gegraveer” moet eintlik net in ’n metaforiese sin verstaan word as iets wat baie star en vas is en nie maklik kan verander nie. Vergeet egter nooit nie dat ons in die ou dae so saam met die luister na “die Wet” en die opsê van die “Twaalf Artikels” ook dikwels gesing het: “Ieder woelt hier om verandering”.....

*This is the verse you grave for me:*

*Here he lies where he longed to be,  
home is the sailor, home from sea,  
and the hunter home from the hill.*

From: “Requiem” R.L. Stevenson